DIE SIMMENTALER/SIMBRA BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SUIDELIKE AFRIKA

# 2010 INTERNASIONALE SIMBRA SKOUKLASSE – VRYBURG

## ALGEMENE INLIGTING (Die volgende moet in pryslys gepubliseer word)

## VEREISTES:

1. F1 en diere sonder Vader (Veelvuldige vaars) mag nie ingeskryf word nie.

2. Die maksimum TKP vereiste vir Genootskap is 420 dae.

3. Die Vryburg skouveilingsreël bepaal dat drie vroulike diere vertoon/geskou moet word om aan die veiling deel te neem. ’n Masimum van 7 bulle kan ingeskryf word, waarvan net 5 op die veiling aangebied mag word. Indien ’n dier, wat op die veiling aangebied word, geen plasing gekry het nie met die vertoning, moet hierdie dier weer “gescreen” word voor die veiling. **Aangesien dit ’n Internasionale Kampioenskap is, sal veilings-keuring deur die beoordelaars en ’n Tegniese Konsultant baie streng wees.**

4. Die afsnydatum vir ouderdom is: **1 April 2010.**

5. Ingevolge verskeie Simposium besluite MOET die “middel-van-die-pad” beleid deur beoordelaars toegepas word. Die deur kos manipuleerbare maatstaf van grootte (kruishoogte) word vervang met ‘n meer objektiewe genetiese maatstaf (Blup teelwaardes vir 600 dae en/of MCW) .

6. Die beoordelaars besluit hoeveel diere of groepe per klas geplaas gaan word.

## 1. GROEPE

Die naam van die vader (**klasse 1 tot 3**) en moeder (**klas 4**) MOET op die inskrywingsvorm verstrek word.

Aangesien die teling van ’n dier, en nie die **vertoner**, by afstammelingklasse beoordeel word, mag ‘n vertoner **een dier** vir **klasse 1 tot 4** leen.

## 2. VROULIKE DIERE

- ’n Koei in melk is ’n koei wat minder as 245 dae in laktasie is.
- ‘n Koei wat langer as 15 maande gelede gekalf het (beoordelingsdag) se kanse om geplaas te word, is uiters gering. *(Raads Mrt 2006)*
- Die aangehegde kalwingsvorm moet t.o.v. alle koeie en dragtige verse voltooi word.

- Ingevolge die Genootskap se Konstitusie is beoordelaars verplig om reproduksiedata van diere in ag te neem en moet die volgende duidelik op ringkaarte van vroulike diere aangebring word:
  - Onder 4 jaar: Ouderdom en getal kalwings.
  - Bo 4 jaar: Ouderdom en Simbradeks (Simbradeks-penalisasie vir diere wat onder 27 maande gekalf het).

- Beoordelaars moet, na voorlopige plasing van die eerste ses (of minder) diere, bewus gemaak word van uiterstes (grootste 5% van ras) in 600 dae en/of MCW. *(Simposium en jaarvergadering besluite)*

## 3. BULLE

Beoordelaars is gevra *(simposium)* om te diskrimineer teen bulle met geen of in die swakste 5% teeltwaardes vir geboortegewig en/of speengewig en sal, na voorlopige plasing van die eerste ses (of minder) bulle, van sodanige bulle bewus gemaak word.

## GROEPKLASSE *Voltooi inskrywings VORM B*

1. **Vaderafstammelingsgroep** van drie seuns oor 12 maande.
2. **Vaderafstammelingsgroep** van drie dogters oor 12 maande.
3. **Vaderafstammelingsgroep** bestaande uit twee dogters en twee seuns (oor 12 maande).
4. **Moederafstammelingsgroep:** Twee kalwers, enige geslag en ouer as 12 maande van ’n koei wat nie in hierdie klas vertoon word nie.

**4A Groep van vier diere:** Bestaande uit twee bulle oor 12 maande, ’n senior koei en ’n junior koei/vers - eiendom van vertoner.

## VROULIKE KLASSE *Voltooi inskrywingsvorm VORM A*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. | Koei in melk | : | 6 jaar en ouer |
| 6. | Koei droog | : | 6 jaar en ouer |

***Koningin & Reserwe Koningin Kampioen (uit klasse 5 - 6)***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. | Koei in melk | : | 4 – 6 jaar |
| 8. | Koei droog | : | 4 – 6 jaar |

***Senior & Reserwe Senior Kampioen (uit klasse 7 - 8)***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9. | Koei in melk | : | 3 – 4 jaar |
| 10. | Koei droog | : | 3 – 4 jaar |

***Prinses & Reserwe Prinses Kampioen (uit klasse 9 – 10)***

***11. SUPERKOEI VAN DIE SKOU:*** *Alle koeie met drie en meer kalwings word outomaties ingeskryf. Beoordeling geskied op grond van Simbradeks (70%) en voorkoms (30%). Alle koeie wat geplaas word, word gepunt en in berekening gebring. Aborsies en/of doodgebore kalwers word nie vir die Superkoei klas in berekening gebring nie.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12. | Koei in melk | : | 30 - 36 maande |
| 13. | Koei (droog) of vers | : | 30 - 36 maande |
| 14. | Koei in melk | : | 24 – 30 maande |
| 15. | Koei (droog) of vers | : | 24 – 30 maande |

***Junior & Reserwe Junior Kampioen (uit klasse 12 - 15)***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 16. | Vers | : | 20 - 24 maande |
| 17. | Vers | : | 16 – 20 maande |
| 18. | Vers | : | 12 – 16 maande |

***Mej Tiener & Reserwe Mej Tiener Kampioen (uit klasse 16 - 18)***

***Groot & Reserwe Groot Kampioen Vroulike Dier (Kampioen en Reserwe Kampioen uit bogenoemde Kampioenklasse kwalifiseer)***

## KAMPIOEN VROULIK:

**Koningin & Reserwe Koningin Kampioen** (uit klasse 5 - 6)
**Senior & Reserwe Senior Kampioen** (uit klasse 7 - 8)
**Prinses & Reserwe Prinses Kampioen** (uit klasse 9 - 10)
**Junior & Reserwe Junior Kampioen** (uit klasse 11 - 15)
**Mej Tiener & Reserwe Mej Tiener Kampioen** (uit klasse 16 - 18)
**Groot & Reserwe Groot Kampioen Vroulike Dier** (Kampioen en Reserwe Kampioen uit bogenoemde Kampioenklasse kwalifiseer)

**BULKLASSE** *Voltooi inskrywingsvorm A*

19. Bul 6 jaar en ouer

20. Bul 4 – 6 jaar

21. Bul 3 – 4 jaar

***Senior & Reserwe Senior Kampioen Bul (uit klasse 19 - 21)***

22. Bul 30 – 36 maande

23. Bul 24 – 30 maande

***Junior & Reserwe Junior Kampioen Bul (uit klasse 22 – 23)***

24. 20 - 24 maande

25. 16 – 20 maande

26. 12 – 16 maande

***Penkop & Reserwe Penkop Kampioen (uit klasse 24 – 26)***

27. **BLUP Teeltwaarde Kampioen**: Alle junior bulle met 'n geboortegewig en 200 dae teeltwaardes in die beste 10% van die ras en wat deur die beoordelaars gepunt word, word outomaties ingeskryf. Afhangende van die aantal bulle, sal bulle of in hul junior klasse of in 'n eie BLUP klas beoordeel word . Beoordelaars word versoek om in groot klasse meer as die gewone ses plasings vir dié klas punt. Die BLUP kampioen en sy opvolger se 200 dae teeltwaarde moet hoër as die rasgemiddeld wees. Beoordeling geskied op grond van voorkoms (50%) en teeltwaardes (50%). **U hoef nie in te skryf nie.**

    Die wenners by die Pretoria, Vryburg, Royal en Windhoek skou word in ag geneem vir die jaarlikse "**BREEDPLAN/Landbouweekblad/Pick'nPay** Bul van die Jaar" indien ten minste 10 bulle deelneem.

***BLUP & Reserwe BLUP Kampioen***

***GROOT & RESERWE GROOT KAMPIOEN BUL***
***(Kampioen en Reserwe Kampioen uit bogenoemde Kampioenklasse kwalifiseer)***

***OPPERSTE KAMPIOEN & RESERWE OPPERSTE KAMPIOEN***
***(uit alle manlike en vroulike kampioene)***

**KAMPIOEN BULLE**

**Senior & Reserwe Senior Kampioen** (uit klasse 19 – 21)
**Junior & Reserwe Junior Kampioen** (uit klasse 22 – 23)
**Penkop & Reserwe Penkop Kampioen** (uit klasse 24 – 26)
**BLUP & Reserwe BLUP Kampioen**
**Groot & Reserwe Groot Kampioen Bul** (Kampioen en Reserwe Kampioen uit bogenoemde Kampioenklasse kwalifiseer)
**OPPERSTE KAMPIOEN & RESERWE OPPERSTE KAMPIOEN (uit alle manlike en vroulike kampioene)**

## PUNTE

**MEESTE PUNTE per VERTONER (Kampioene tel nie) – Toekenning by funksie:**
Groepklasse, Bulle, Vroulik en Algeheel.

**Groepe** die 7, 6, 5, 4, 3, 2 stelsel;
**Individuele klasse** die 6, 5, 4, 3, 2, 1 stelsel;

**TELER VAN KAMPIOENE – Toekenning by funksie.**

**Kampioene** = 5 punte
**Reserwe Kampioene** = 3 punte

**GEEN punte word toegeken vir BLUP en Superkoei klasse nie.**

(SAK vergadering 16/11/09)

(Skoue/Internas 2010)

# KALWINGSVORM

**1.** Kalwings en Simdeks/Simbradeks in die katalogus is volgens geboortekennisgewings wat alreeds by die kantoor ingedien is en/of **aangeheg** word.

**2.** Uitstaande geboortekennisgewings **moet** hierby aangeheg word.

Voltooi **NET** vir verse/koeie wat **KORT** voor dié skou gaan kalf:

| **ID** | **Dragtig sedert die datum** | **ID** | **Dragtig sedert die datum** |
|---|---|---|---|
| .................... | ........................................ | .................. | ......................................... |
| .................... | ........................................ | .................. | ......................................... |
| .................... | ........................................ | .................. | ......................................... |
| .................... | ........................................ | .................. | ......................................... |

**NAAM IN DRUKSKRIF:** ..............................................................................................................

**DATUM VOLTOOI:** .....................................

**SPERDATUM:**
**6 Weke VOOR Beoordelingsdag.**
**Dien in TESAME met VORM A en B.**

# VORM A (Bulle en vroulik)
# Sien Vorm B vir groepe

**VERTONER: ............................................................TEL: ...........................................**

**Ras: .........................................** **Lidnommer: .........................................**

**HIERDIE DIERE MOET GEREGISTREER WEES IN DIE NAAM VAN BOVERMELDE VERTONER WANNEER INSKRYWINGSVORMS INGEVUL WORD**

| Klasnr | ID (Tatoeëernr) | Geslag | Te Koop |
|---|---|---|---|
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |
| ................. | ............................................ | .................. | ........................ |

Vervolg op keersy

**SPERDATUM:**
**6 Weke VOOR Beoordelingsdag.**
**Dien in TESAME met VORM B en KALWINGSVORM.**

# VORM B

**Sien Vorm A vir individuele klasse**

**VERTONER: ........................................................................**

**Voltooi NAAM van vader (1, 2 + 3) en moeder (4)**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Vaderafstammelingsgroep:** Drie seuns, ouer as 12 maande | ..................................................<br>.................................................. |
| **2.** | **Vaderafstammelingsgroep:** Drie dogters, ouer as 12 maande | ..................................................<br>.................................................. |
| **3.** | **Vaderafstammelingsgroep** bestaande uit twee Dogters en twee seuns, ouer as 12 maande | ..................................................<br>.................................................. |
| **4.** | **Moederafstammelingsgroep:** Twee kalwers, enige geslag en ouer as 12 maande van 'n koei wat nie in hierdie klas vertoon word nie | ..................................................<br>.................................................. |

**SPERDATUM**

**6 Weke VOOR beoordelingsdag**

**Dien in TESAME met VORM A en KALWINGSVORM**